

Aan en op die meer van Galilea:

Die wonderbaarlike visvangs

100

Daarop kom Matthéüs na My toe en vra of hy hierdie teken, netsoos die verskeie gesprekke van lering en ander toesprake wat Ek die afgelope paar dae in die huis van die owerste gegee het, ook moet opskryf.

[2] **Ek** sê: Ja, die teken by die hoofman van Kapernaum tesame met wat Ek daar gesê het, asook die teken in die huis van Petrus; maar laat dit wat gesê is en wat nie by die eintlike lering hoort nie, weg. Laat al die besprekinge wat in die huis van die owerste plaasgevind het, asook die feit dat ek twee dae by hom vertoef het, heeltemal weg!

[3] Binnekort, wanneer sy lieflingsdogter sterf, sal ons tog weer hier in die huis van die owerste aankom. **Ek sal haar dan opwek en aan hom terugbesorg.** Skryf dus só oor hom en oor die teken dat jy nóg hom, nóg die plek nader hoef te beskryf - andersins sou ons hom in sy wêreldse verhoudinge skade kon berokken, en dit wil en sal ons natuurlik nie doen nie; **die priesterskap hou hom naamlik reeds fyn dop.**

[4] Tot die aanbreek van die volgende fees in Jerusalem sal Ek egter in hierdie streek, hier by die meer waarvan Ek die meeste hou, nog baie tekens doen en baie onderrig gee - wat jy alles volledig moet opskryf!

[5] Matthéüs berei homself voor om te skryf. **Johannes** daarenteen word baie treurig en sê: "Maar Meester, ek het U dan bo alles lief - gaan ek dan heeltemal niks meer te skrywe kry nie?"

[6] **Ek** sê: "My liefste broer, jy hoef nie hieroor bedroef te wees nie. Jy gaan nog baie skryfwerk kry. **Want, vir jou het Ek voorbestem vir net die heel belangrikste en heel diepsinnigste sake!**"

[7] **Johannes** sê: "Maar die teken te Kana met die seun van die koninklike beampte lyk vir my tog nie groter en belangriker as die een voor Kapernaum wat U vir die hoofman gedoen het nie?"

[8] **Ek** sê: "As jy so sou dink, vergis jy jou grootliks! Met die seun van die koninklike beampte word **bedoel die hele, baie slegte en verdorwe, wêreld**; en hoe daar nou, deur My leer en deur My geestelike bemoeienis, van ver af uitgereik word om hulp aan te bied. Met die kneg van die hoofman word voorlopig maar net bedoel `n verlamde wat deur My genees is. Later egter, word ook daarmee `n gemeente of een of ander vereniging wat in My Naam opgerig is, bedoel. Hulle (die instansie) gaan egter as gevolg van politieke vrese `n bepaalde deel van My leer nie toepas nie, en dan gaan hulle

mettertyd stadig maar sekerlik in ander opsigte My leer ook nie volg nie, **watter toestand `n verlamming van die siel is** wat maar slegs deur `n vaste geloof in My Woord weer verhelp kan word!

[9] Sien jy, My liewe broer Johannes - daarom is daar `n baie groot verskil tussen die twee tekens! Die eerste staan vir die geestelike siektetoestand van die hele wêreld, en, sê Ek vir jou, in `n nog diepere sin, ook van die hele oneindigheid! Die tweede teken beteken maar net dit wat Ek aan jou verklaar het. Nou weet jy dus ook wat jy, en wat Matthéüs moet vaslê."

[10] Maar nou het **die meisie** en die ander bediendes van Petrus die middagmaal gereed en ons gaan nou dadelik daarmee begin waarna ons vanmiddag vir Petrus gaan help om `n paar goeie visse te vang. Teen vanaand gaan ons nog genoeg te doene kry.

[11] Ons nuttig `n oorvloedige maaltyd, wat genoegsaam was vir die hele, groot geselskap, en gaan daarna na die meer, wat ook die "Meer van Galilea" genoem word. Binne `n paar uur het ons daar `n groot klomp van die beste vis gevang, soveel so dat die vishouers dit kwalik kon bevat.

[12] Petrus is hierdeur verskrik, en in `n soort vrome opwelling het hy uitgeroep: "Meester, ek smee U, laat my alleen: want ek is nou sterk onder die indruk van my sondigheid! Vroeër is ek ook al eenmaal deur U verskrik toe U, terwyl ek U nog glad nie geken het nie, van êrens vandaan gekom en my en my helpers hier aangetref het terwyl ons visgevang het. Toe het ek U goddelikheid dadelik herken: nou skrik ek nog meer omdat ek nou maar al te duidelik insien Wie en Wat U in U diepste Wese is. Toe het ons, netsoos nou, die hele nag probeer maar so te sê niks gevang nie. Op U Woord en in U teenwoordigheid skeur die net vanweë die groot hoeveelheid gevange vis! Ek word nou regtig bang vir U, want U is..."

[13] **Ek** sê: "Bly stil, en moet my nie weggee nie! Jy is bewus van die "een" onder ons! **Hy is en bly `n verraaier!**"

[14] Petrus sê nou niks meer nie en tref reëlins om die vis te bewaar. Omdat dit aand word, gaan ons huis toe. Dáár wag `n goeie en ryke aandete op ons deur **die ywer van die geneesde skoonogter** van Petrus. Almal is nou opgewek en bly. Petrus sit die lofsang in en almal antwoord eenstemmig in `n wisselsang.

101

Toe **Petrus** ophou sing, sê hy plegtig: "My vriende en broers! Wat 'n verskil tussen ons nou hier, en Dawid toe hy vroeër hierdie heerlike lofsang aan die Volk gegee het. Toe hy gesing het, het hy sy oë na die sterre opgehef, want, volgens die menslike insig van daardie tyd, het Elohim in ontoeganklike lig bokant al die sterre gewoon. Wat sou Dawid nie nou hier gedoen het nie, noudat Diegene tot wie hy sy oë na bokant die sterre opgehef het" - "Stil, vriend Petrus!" sê **Ek**: "Dit is genoeg tot sover - hou in gedagte wie almal hier by ons is."

[2] Petrus bring homself dadelik tot orde, en nooi al die gaste uit vir die aandete, wat hoofsaaklik uit brood en goedvoorbereide vis bestaan.

[3] Judas vra vir Petrus of daar nie in die buurt wyn te koop is nie. **Petrus** antwoord: "'n Paar veldlengtes hiervandaan is 'n herberg waar jy wyn kan koop. Judas vra dan weer of Petrus nie iemand kan stuur om 'n sak vol te gaan haal nie."

[4] **Petrus** sê: "Jy ken tog my hele huishouding en weet dat ek niemand het om te stuur nie. As jy wyn wil hê, gaan dan self daarheen en beding met die herbergier om dit teen die beste prys te kry." **Judas** sê: "Ag, as ek self moet gaan, dan los ek dit liever." **Petrus** sê: "Doen wat jy wil; ek kan jou nie help nie. My visserwerksmense het nog baie te doen by die meer, my vrou en kinders en skoondogter het hulle hande vol, soos jy self kan sien, en jy verwag tog nie van my dat ek vir jou 'n hele sak wyn moet gaan haal terwyl dit reeds aand geword het nie?" Ietwat vererg sê **Judas**: "Toemaar, toemaar, ek het bedoel om goed te doen toe ek sien dat jy nie wyn het nie. Ek sou trouens self daarvoor wou betaal het, hoe duur dit ookal mag gewees het."

[5] **Petrus** sê: "Daar is Een onder ons wat in Kana by die bruilof van Simon, wat ook hier by ons is, water in wyn verander het. Daardie Een sou ook nou, indien dit nodig was, dieselfde kon doen. Maar omdat dit nou beslis nie nodig is nie, kan ons onself ook help met die besondere goeie water wat my suiwer put vir huisgebruik ons bied."

[6] **Judas** sê: "Baie goed, baie goed - ek is daar heel tevrede mee omdat ek self baie waardering het vir goeie water; maar, juis by 'n geleentheid soos hierdie, sou wyn tog nie te versmaai gewees het nie. As hierdie sekere "Een", wat ek vermoed dat ek ken, dan tog wyn uit water kan maak, dan sou Hy mos nou vir jou so 'n guns kon betoon?"

[7] **Ek** sê: "**Gaan na die put en drink!** Aan jou sal die put wyn, maar aan die res van ons slegs water gee."

[8] Judas gaan dadelik na die put en trek water. By die drink daarvan, blyk dit baie goeie wyn te wees. Hy drink te veel daarvan en bly sommer daar lê; hy sou in die diep put geval het as dit nie was dat 'n paar van Petrus se diensknegte hom daar aangetref, huis toe geneem en op 'n bed neergelê het nie. Dit was ook goed so, want Ek het op daardie aand baie mense gesond gemaak wat las gehad het van allerlei kwale en aansteeklike siektes, en by baie het Ek bese geeste(demone) uitgedryf - wat met Judas in die teenwoordigheid baie moeilikheid sou opgelewer het.